# Stellenbosch Gholfklub se Uile

Die vorige baanbestuurder, Dirk Tofte wat sedertdien oorlede is, het ongeveer vyf jaar gelede ’n stuk of drie “uilpale” hier by SGK aangebring en hulle staan vandag nog. Ek het dikwels gehoor lede sê dat hulle nog nooit ’n uil daarop sien sit het nie. Wel, dit mag so wees, maar dan was daar ook nog nie veel lede op die baan na sononder nie, want die uile is by uitstek nagvoëls!

In Julie 2009 het ’n uilpaar hulle nes gebou, 1 meter van die grond af, in die boomstomp links van en regby die skoonveld van putjie nommer 14, net kort van die setperk. Sien die foto links bo. Daar was 3 eiers in die nes maar dis om een of ander rede nooit uitgebroei nie. Uile lê (volgens Roberts VII) gewoonlik 2 – 3 eiers maar daar kan soveel as 6 eiers ook wees. Hierdie uile was die Gevlekte Ooruil (*Bubo africanus*). Uile bly as maats bymekaar vir lewenslank.

In die Nuusbrief van ons Klub van 16 November verlede jaar is berig dat Koos Flattery, ons baanopsiener, ’n jong uiltjie (genoem Yotti!) by ’n nes opgetel en onder sy vlerk geneem het. Die kleintjie is uiteindelik suksesvol deur Koos grootgemaak en hy verdien baie goue sterre daarvoor!

Die foto’s van Yotti wat in die Nuusbrief van 30 November verlede jaar in die Nuusbrief geplaas is, wys egter dat die nie ’n Kaapse Ooruil (*Bubo capensis,* Giant Eagle-Owl) was soos daarin berig is nie. Dis die minder skaars Gevlekte Ooruil (*Bubo africanus*, Spotted Eagle-owl) wat hier op ons baan voorkom. Hulle het geel oë, duidelik sigbaar op die foto wat destyds geplaas is terwyl die Kaapse Ooruil oranje oë het. Verder het daardie berig genoem dat die rede vir Yotti se teenspoed was dat die ouer kuiken die jongeres uit die nes boender (die Kain-gedrag) en dat die ouers daarmee help. Hierdie gedrag is egter nog nooit aangeteken by uile nie en ek vermoed daar was ander redes vir die jongeling se destydse nood. ’n Jaar gelede was dit duidelik dat hulle in vrede saam kan groot word (in die bome net regs van die derde putjie se setperk) toe daar drie jonges saam met die ouer waargeneem is.



**Die foto wys die boom waar die nes in 2009 was en die stomp waar dit hierdie jaar is. Niks meer as 1 – 1.5 meter bo die grond nie. Die Gevlekte Ooruil is ongelooflik goed gekamoefleer. Die foto regs bo is van naby geneem terwyl die uil in die gat in die boom regs onder op die nes gesit het.**

Na al hierdie stories: hier is die goeie nuus. Die Gevlekte Ooruil paar het weer in Augustus 2013 twee kuikens uitgebroei regs van die eerste skoonveld in die groot dooie boomstomp! Die naby-foto wys hoe ma-uil skynbaar rustig uit die broeiholte na die indringer met die kamera gluur. Die naam "Ooruil" is natuurlik effe misleidend aangesien die "ore" wat duidelik sigbaar op die foto is, eintlik net vere is wat vermoedelik gebruik word om geluide beter op te vang. Dit word dikwels weggevou. Mag hulle nog lank op ons baan wees en van nou af (totdat die kleintjies groot is en daarna) sal die Kaapse Nagmuise op die baan, veral naby Dirk Tofte se uilpale, 'n harde tyd hê. Dankie aan Koos Flattery, wat my aandag op die teenwoordigheid van hierdie welkom inwoners gevestig het.

Nico Laubscher